MENING

Bevoegdheid om skenkings te maak

1. Konsultant is die Munisipaliteit van Beaufort-Wes (die 'munisipaliteit'), 'n plaaslike munisipaliteit ingestel kragtens die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, Nr 117 van 1998 (die 'Strukture wet').

2. Ek is versoek om die munisipaliteit te adviseer in watter omstandighede dit regmatig skenkings kan maak en om riglyne voor te stel wat nagevolg kan word wanneer skenkings gemaak word.

3. Dit is gemeenplaas in ons reg dat plaaslike regering en ander staatsinstellings in die Suid-Afrikaanse konstitusionele staat slegs mag optree in ooreenstemming met die magte wat aan hulle volgens die reg toevertrou is. Dit is in navolging van die beginsel van legaliteit, 'n faset van die 'heerskappy van die reg'[1], wat een van die pilare van ons grondwet is. Sien in die verband *Fedsure Life Assurance v Greater Johannesburg Transitional Metropolitan Council and Others* 1999(1) SA 374 (CC) (par[56]) en *Gerber and others v MEC of the Gauteng Provincial Government, Development Planning & Local government and another* [2002] 4 All SA 518 (SCA) by 529.

4. As beginpunt is dit nodig om daardie wetgewing na te spoor wat die munisipaliteit in staat sou stel om skenkings te maak. Daar is twee stukke wetgewing wat in dié opsig magte aan 'n munisipaliteit in die Wes-Kaap Provinsie verleen, naamlik-

---

[1] Engels: 'rule of law'.

- Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van1996 (die'grondwet'),
- Die Munisipale Ordonnansie, Nr 21 van 1974 (die 'Ordonnansie').

Daarbenewens moet ook deeglik rekening gehou word met die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur Nr. 56 van 2003, (die 'Munisipale Finansiële Bestuurswet') aangesien dit belangrike voorskrifte oor prosedure bevat.

DIE GRONDWET

5. Die Grondwet is die primêre bron van 'n munisipaliteit se magte en gevolglik ook die bevoegdheid om skenkings te maak. Die Grondwet bevat egter geen uitdruklike bepaling dat 'n munisipaliteit skenkings mag maak nie. Dit beteken egter nie dat die maak van skenkings verbode is nie.

6. Dit is haas onmoontlik dat enige wet volledig al die magte, pligte en funksies van 'n statutêre instelling sou kon weergee; so ook die Grondwet. Vir die rede het ons reg 'n beginsel ontwikkel waarvolgens sekere bevoegdhede van die uitdruklik verleende bevoegdheid afgelei word. So 'n afleiding kan gemaak word as die bevoegdheid uit die aard van die uitdruklike bevoegdheid daarby tuishoort, daarmee gepaard gaan of noodsaaklik is. So lank gelede as 1914 het die Appelhof[2] die *Zuid-Afrika Wet*, 1909 uitgelê om bevoegdhede aan provinsies te verleen wat aanvullend tot hul uitdruklike bevoegdhede was. In die onlangse verlede is in *Mpehle v Government of the Republic of South Africa and Another*[3] beslis dat die bevoegdheid om die lidmaatskap van 'n provinsiale LUR ingevolge artikels 149 and 153 van die tussentydse grondwet[4] te beëindig, die bevoegdheid insluit om so 'n lid te skors. In

---

2 *Middelburg Municipality v Gertzen* 1914 AD 570
3 1996 (7) BCLR 921 (Ck)
4 Wet 200 van 1993

Ex Parte Western Cape Provincial Government and others: In re: DVB Behuising (Pty) Ltd v North West Provincial Government and Another[5] het die grondwetlike hof beslis dat die bevoegdheid van ’n provinsiale wetgewer om wette te maak impliseer dat dit ook provinsiale wette mag herroep, ten spyte daarvan dat daar geen uitdruklike bevoegdheid verleen is om dit te kon doen nie.

7. Die Grondwet gee ook erkenning aan hierdie beginsel van afgeleide bevoegdhede in soverre dit betrekking het op die magte van plaaslike regering. Artikel 156(5) bepaal in die verband die volgende-

> ’n Munisipaliteit het die reg om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot ’n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende verrigting van sy funksies.

8. Die magte van ’n munisipaliteit word in hoofsaak gevind in artikels 156 en 229 van die Grondwet.

9. Artikel 156[6] verleen by subartikels (1) en (2) onderskeidelik uitvoerende en wetgewende gesag aan munisipaliteite in die algemeen oor daardie aangeleenthede wat in dele B van Bylaes 4 en 5 van die grondwet aangetoon word. Weer eens word gevind dat die bylaes slegs ’n aangeleentheid in ’n enkele woord of in ’n beknopte sinsnede beskryf; bv.
    - Plaaslike toerisme;
    - Water en sanitasiedienste, beperk tot stelsels vir die voorsiening van drinkbare water en die wegdoen van huishoudelike afvalwater en rioolvuil;

---

5 2000 (4) BCLR 347 (CC)

6 (1) ’n Munisipaliteit het uitvoerende gesag ten opsigte van, en het die reg op die administrasie van—
(a) die plaaslike regeringsaangeleenthede wat in Deel B van Bylae 4 en Deel B van Bylae 5 vermeld word; en
(b) enige ander aangeleentheid wat deur nasionale of provinsiale wetgewing aan hom opgedra word.
(2) ’n Munisipaliteit kan verordeninge uitvaardig en administreer vir die doeltreffende administrasie van die aangeleenthede wat hy die reg het om te administreer.

- Begraafplase, lykdienslokale en krematoriums;
- Lisensiëring van en beheer oor ondernemings wat voedsel aan die publiek verkoop;

Om te bepaal wat die omvang van die woorde of sinsnedes is moet die kriteria van artikel 156(5) van die grondwet noodwendig toegepas word. Aldus sal dit byvoorbeeld binne die munisipaliteit se bevoegdheid wees om grond te kan koop om ’n begraafplaas te vestig, hoewel dit nie eksplisiet bepaal word nie.

10. ’n Aspek wat dikwels verwar word met ’n munisipaliteit se magte is die Grondwet se bepaling in artikel 152[7] oor ’n munisipaliteit se oogmerke. Hierdie oogmerke is nie magte nie maar bloot doelwitte wat nagestreef moet word by die uitoefening van ’n munisipaliteit se magte soos vervat in artikels 156 en 229 van die Grondwet. So byvoorbeeld sou die munisipaliteit kon poog ‘*om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder*’ deur middel van infrastruukskepping, belastingtoegewings, beskikbaarstelling van grond en stadsbeplanningsinisiatiewe.

11. Artikel 229[8] van die Grondwet bepaal ’n munisipaliteit se fiskale bevoegdhede en funksies. Die nasionale wetgewing waarna in

---

[7] (1) Die oogmerke van plaaslike regering is-
(a) om demokratiese en verantwoordingspligtige regering vir plaaslike gemeenskappe te voorsien;
(b) om te verseker dat dienste op volhoubare wyse aan gemeenskappe verskaf word;
(c) om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder;
(d) om ’n veilige en gesonde omgewing te bevorder; en
(e) om die betrokkenheid van gemeenskappe en gemeenskapsorganisasies in plaaslike regeringsaangeleenthede aan te moedig.
(2) ’n Munisipaliteit moet daarna streef om binne sy finansiële en administratiewe vermoë die oogmerke in subartikel (1) uiteengesit, te verwesenlik.

[8] (1) Behoudens subartikels (2), (3) en (4) kan ’n munisipaliteit-
(a) eiendomsbelasting en bobelasting op gelde vir dienste deur of namens die munisipaliteit verskaf, oplê; en
(b) indien deur nasionale wetgewing daartoe gemagtig, ander belastings, heffings en regte oplê wat gepas is vir plaaslike regering of vir die kategorie plaaslike regering waarin daardie munisipaliteit val, maar geen munisipaliteit mag inkomstebelasting, belasting op toegevoegde waarde, algemene verkoopbelasting of doeaneregte oplê nie.

subartikel (2) verwys word is die Wet op Plaaslike regering: Munisipale Eiendomsbelasting, Nr 6 van 2004 waarskynlik later vanjaar in werking sal tree.

12. Die hef van gelde vir die lewering van munisipale dienste word weer reguleer deur die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Nr. 32 van 2000 (die 'Stelselswet'), wat ingevolge artikel 164[9] van die Grondwet formuleer is.

13. Dit dien daarop gelet te word dat 'n munisipaliteit se mag nie afhanklik is van die bestaan van magtigende wetgewing nie. Munisipaliteite ontleen hul mag aan die Grondwet; die grondwet is die oppergesag en verskans 'n munisipaliteit se magte. In hierdie verband het die Grondwelike Hof per Moseneke J in *The City of Cape Town and another v Robertson and another*[10] die volgende stellings gemaak -

> The High Court seems to have adopted the approach that, absent empowering legislation, a municipality has no power to act. Such an approach to powers, duties and status of local government is a relic of our past and no longer permissible in a setting underpinned by constitutional supremacy. Under our previous order, which embraced parliamentary sovereignty, municipalities were creatures of statute and enjoyed only delegated or subordinate legislative powers derived exclusively from ordinances or Acts of Parliament. (par.53)

> Matters however, became different under the interim constitution. This court[11] noted that local government derived its powers, functions and duties directly from the interim constitution, although these powers were subject to definition and regulation

---

(2) Die bevoegdheid van 'n munisipaliteit om eiendomsbelasting, bobelasting op gelde vir dienste deur of namens die munisipaliteit verskaf of ander belastings, heffings of regte op te lê-

(a) mag nie uitgeoefen word op 'n wyse wat nasionale ekonomiese beleid, ekonomiese bedrywighede oor munisipale grense heen of die nasionale beweeglikheid van goedere, dienste, kapitaal of arbeid wesenlik en onredelik benadeel nie; en

(b) kan deur nasionale wetgewing gereguleer word.

9 Enige aangeleentheid rakende plaaslike regering waarmee nie in die Grondwet gehandel word nie, kan deur nasionale wetgewing, of deur provinsiale wetgewing binne die raamwerk van nasionale wetgewing, voorgeskryf word.

10 (case CCT 19/04) handed down on 29 November 2004.

11 The Fedsure-case

by either national or provincial governments that were "competent authorities" for enacting such legislation. (par 55)

The advent of the Constitution has enhanced rather than diminished the autonomy and status of local government that it obtained under the interim Constitution. In the *First Certification Judgement*[12] this court stated:

> "[Local Government] structures are given more autonomy in the [New Text] than they have in the [interim Constitution] and this autonomy is sourced in the [New Text] and not derived from anything given to [Local Government] structures by the provinces"

(par 58)

Subsection 40(1) of the Constitution entrenches the institutions of local government as a sphere of government and pronounces all spheres of government to be distinctive, interdependent and interrelated. Subsection 41(e) and (g) articulate and preserve the geographical, functional and institutional integrity of local government. In turn, subsection 43(c) and 151(2) confer original legislative and executive authority on municipal councils. The constitution expressly precludes national or provincial government to from impeding the proper exercise of powers and functions of municipalities. Thus a municipality has the right to govern the local government affairs of its area and community. However the duties, powers and rights of municipalities have to be exercised subject to national or provincial legislation as provided for in the constitution. (par 59)

The constitution has moved away from a hierarchical division of governmental power and has ushered in a new vision of government in which the sphere of local government is interdependent, "inviolable and possesses the constitutional latitude within which to define and express its unique character" subject to constraints permissible under our Constitution. A municipality under the Constitution is not a mere creature of statute otherwise moribund save imbued with power by provincial or national legislation. A municipality enjoys "original' and constitutionally entrenched powers. Functions, rights and duties that may be qualified or constrained by law and only to the extent the Constitution permits. Now the conduct of a municipality is not always invalid only for the reason that no legislation authorises it. Its power may derive from the Constitution or from legislation of a competent authority or from its own laws. (par 60)

---

12 Ex parte Chairperson of the Constitutional Assembly: In re Certification of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (4) SA 744 (CC)

(my onderstreping)

14. Uit die voorgaande is dit duidelik dat die munisipaliteit oor wye magte beskik wat, hoewel nie uitdruklik beskryf nie, afgelei moet word van daardie 'aangeleenthede' wat die Grondwet spesifiek meld. Die bevoegdheid om skenkings te maak is dan ook een van sodanige afgeleide bevoegdhede, dog beperk tot daardie aangeleenthede wat in Bylaes 4 en 5 van die Grondwet gemeld word[13]. So beskou sou dit wel binne die munisipaliteit se bevoegdheid wees om skenkings te maak aan byvoorbeeld instansies wat dit ten doel het om toerisme te bevorder, rommel langs 'n rivier of op strande op te tel, kinders te versorg in soverre dit betrekking het op '*Kindersorggeriewe*', diere welsynsorganisasies in soverre dit betrekking het op '*geriewe vir die huisvesting, versorging en begrawe van diere*' ensomeer.

DIE ORDONNANSIE

15. Die Ordonnansie maak in artikel 186(14) daarvoor voorsiening dat 'n munisipaliteit skenkings mag of, indien deur die Administrateur so gelas, moet maak aan 'n verskeidenheid van instansies of liggame, nl.-

(a) enige weldadigheids- of liefdadigheidsinrigting of –organisasie, hetsy binne of buite sy munisipale gebied;
(b) enige universiteit, openbare kollege of openbare skool, hetsy binne of buite sy munisipale gebied;
(c) enige organisasie of inrigting, hetsy binne of buite sy munisipale gebied, wat of deur verwysing na die klas van die organisasie of inrigting waartoe dit behoort, deur die Administrateur ingedeel is as 'n organisasie of inrigting wat die belange van die publiek of 'n seksie van die publiek of 'n kulturele of opvoedkundige doel dien;
(d) enige openbare hospitaal of derglike openbare inrigting binne sy munisipale gebied of wat sy munisipale gebied bedien;
(e) enige biblioteek, museum, kunsgalery of landbouvereniging binne sy munisipale gebied of wat sy munisipale gebied bedien;

---

[13] Ook enige aangeleentheid wat aan die munisipaliteit in die algemeen of spesifiek opgedra ('assign') is.

(f) enige organisasie ten opsigte van permanente verbeterings aan onroerende goed deur die raad aan sodanige organisasie verhuur of wat die eiendom van die sodanige organisasie is kragtens ’n ooreenkoms wat bepaal dat die eiendomsreg daarop berus by of terugval aan die munisipaliteit as en wanneer sodanige onroerende goed nie meer vir die doeleindes van sodanige organisasie gebruik word nie; of

(g) enige fonds vir die bestryding van die koste van oprigting van ’n monument binne of buite sy munisipale gebied ter nagedagtenis aan ’n persoon of gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Daar volg dan ook ’n voorwaarde ten opsigte van die totale bedrag van toekennings wat gedoen mag word en ’n magtiging aan die Administrateur om bykomende toegewings oor daardie bedrag te maak.

16. Die Ordonnansie is egter ’n stuk wetgewing wat dateer uit die tydvak vóór die oorgang van parlementêre oppergesag na grondwetlike oppergesag. Dit is ook geskoei op ’n plaaslike regeringsmodel wat radikaal verskil van die wat ingevolge die Strukture Wet tot stand gekom het. Dit verleen aan die Administrateur (nou Premier) bevoegdheid wat nie te rym is met die outonomiteit van hedendaagse munisipaliteite nie. Die verandering is soos volg deur Chaskalson P in die *Fedsure*-saak gestel -

> The constitutional status of a local government is thus materially different to what it was when Parliament was supreme, when not only the powers but the very existence of local government depended entirely on superior legislatures. The institution of elected local government could then have been terminated at any time and its functions entrusted to administrators appointed by the central or provincial governments. That is no longer the position. Local governments have a place in the constitutional order, have to be established by the competent authority, and are entitled to certain powers, including the power to make by-laws and impose rates.

So beskou het dit geen status in die huidige bedeling nie en is daar dan ook ’n skool van denke wat sê dat die Ordonnansie in stryd met die Grondwet is en by implikasie reeds verval het.

17. Selfs al is die siening dat die Ordonnansie verval het korrek, bly dit nogtans steeds op die 'wetboeke' totdat dit herroep of deur 'n bevoegde hof ongeldig verklaar is. So 'n stelling is in ooreenstemming met die Grondwet se bepaling in item 2 van Bylae 6 wat soos volg lui-

> (1) Alle regsvoorskrifte wat van krag was toe die nuwe Grondwet in werking getree het, bly van krag behoudens—
> (*a*) enige wysiging of herroeping; en
> (*b*) bestaanbaarheid met die nuwe Grondwet.
> (2) Oubedeling-wetgewing[14] wat ingevolge subitem (1) van krag bly—
> (*a*) het nie 'n wyer toepassing, hetsy gebiedsgewyse of andersins, as wat dit gehad het voordat die vorige Grondwet in werking getree het nie, tensy dit daarna gewysig is om 'n wyer toepassing te hê; en
> (*b*) word, behoudens die nuwe Grondwet, steeds geadministreer deur die gesag wat dit geadministreer het toe die nuwe Grondwet 'n werking getree het.

Om die rede aanvaar ek vir die doeleindes van hierdie mening dat die Ordonnansie wel geldig is, hoewel dit op wankelende fondasie rus.

18. Alhoewel die Ordonnansie geag word geldend te wees moet sy bepalings en so ook artikel 186(14) egter steeds in ooreenstemming wees met die Grondwet. Sommige van die aktiwiteite gemeld in die subartikel kan wel geassosieer word met plaaslike regerings-aangeleenthede (d.i. daardie aangeleenthede wat in Dele B van Bylaes 4 en 5 van die Grondwet vermeld word) soos byvoorbeeld munisipale gesondheidsdienste en plaaslike toerisme. Meeste van die aktiwiteite gemeld in die subartikel val egter binne die jurisdiksie van die ander twee regeringsfere, soos byvoorbeeld biblioteke, onderwys, welsyn, kultuuraangeleenthede en museums, sien Dele A van Bylaes 4 en 5 van die Grondwet.

19. Dit blyk gevolglik riskant te wees om die Ordonnansie te gebruik as gesagsbron vir 'n munisipaliteit se magte om skenkings te maak;

---

[14] Aldus item 1 beteken **'**oubedelingwetgewing', wetgewing verorden voordat die vorige Grondwet in werking getree het; en **,**'vorige Grondwet' beteken die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet 200 van 1993)

boonop ook ’n negering van die invloed van die Grondwet op plaaslike regering. Indien besluit sou word om nogtans daarop te steun, moet daar gehou word by die paramaters daarin gestel. Die Ordonnansie is egter so ver verwyderd van die demokratiese plaaslike regeringsmodel van vandag en sou dit myns insiens kwalik ’n grondwetlike toets kon deurstaan en gevolglik doen ek aan die hand dat die munisipaliteit nie daarop steun nie; ook nie in die lig van die bepalings van die Munisipale Finansiële Bestuurswet waarna ek hierna verwys.

MUNISIPALE FINANSIËLE BESTUURSWET

20. Die Munisipale Finansiële Bestuurswet bevat geen magtigende bepaling oor skenkings nie en heeltemal korrek so ook want dit is nie die wet se doel nie; daardie is die terrein van die Grondwet, Strukture Wet en die Stelselwet. Die Munisipale Finansiële Bestuurswet se doel[15] is wel-

> Om deeglike en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite en ander instellings in die plaaslike regeringsfeer te verseker; om tesourienorme en standaarde vir die plaaslike regeringsfeer daar te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

21. Die Munisipale Finansiële Bestuurswet bevat egter wel twee bepalings (artikels 17 en 67) wat van uiterste belang is wanneer ’n munisipaliteit skenkings (die wet verwys na toekennings) oorweeg; dit is nou nadat bepaal is dat ’n spesifieke skenking regsgeldig gemaak mag word.

22. Artikel 17(3)(j)(iv) vereis dat wanneer die munisipaliteit se jaarlikse begroting ter tafel gelê word, dit vergesel moet wees met besonderhede van enige voorgestelde toekennings of bydraes deur die munisipaliteit aan enige organisasies of liggame in artikel 67 (1) beoog.

23. Artikel 67 lui as volg-

---

15 Sien die kopskrif van die wet.

Fondse oorgedra aan organisasies en liggame buite regering.

(1) Voordat fondse van die munisipaliteit aan ’n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer behalwe ter voldoening aan ’n kommersiële of ander besigheidstransaksie oorgedra word, moet die rekenpligtige beampte tevrede wees dat die organisasie of liggaam—

(a) beskik oor die kapasiteit en ingestem het—

(i) om aan enige ooreenkoms met die munisipaliteit te voldoen;

(ii) om vir die termyn van die ooreenkoms te voldoen aan alle verslaggewings-, finansiële bestuurs- en ouditvereistes wat in die ooreenkoms gestipuleer mag word;

(iii) om ten minste maandeliks aan die rekenpligtige beampte verslag te doen oor werklike bestedings teen sodanige oordrag; en

(iv) om onverwyld sy geouditeerde finansiële state vir sy finansiële jaar aan die rekenpligtige beampte voor te lê;

(b) effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels implementeer om teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur te waak; en

(c) met betrekking tot vorige soortgelyke oordragte aan al die vereistes van hierdie artikel voldoen het.

(2) Indien daar ’n versuim was deur ’n organisasie of liggaam om met betrekking tot ’n vorige oordrag te voldoen aan die vereistes van subartikel (1), kan die munisipaliteit ten spyte van subartikel (1) (c) ’n verdere oordrag aan daardie organisasie of liggaam maak mits—

(a) daar aan subartikel (1) (a) en (b) voldoen word; en

(b) die betrokke provinsiale tesourie die oordrag goedgekeur het.

(3) Die rekenpligtige beampte moet deur middel van kontraktuele en ander gepaste meganismes nakoming van subartikel (1) afdwing.

(4) Subartikel (1) (a) is nie van toepassing op ’n organisasie of liggaam wat omsien na behoeftiges of wat deur die regering gebruik word as ’n agentskap om na behoeftiges om te sien nie, mits—

(a) die oordrag nie ’n voorgeskrewe perk oorskry nie; en

(b) die rekenpligtige beampte—

(i) alle redelike stappe doen om te verseker dat die geteikende begunstigdes die voordeel ontvang van die fondse wat oorgedra word; en

(ii) teenoor die Ouditeur-generaal sertifiseer dat voldoening aan subartikel (1) (a) deur daardie organisasie of liggaam onekonomies of onredelik is.

24. Artikel 67 is nie ’n magtigende bepaling nie, maar bloot ’n prosedurele vereiste waaraan voldoen moet word wanneer dit eenmaal vasstaan dat die munisipaliteit regsgeldig fondse (ander dan fondse ter voldoening aan ’n kommersiële of ander besigheidstransaksie) of te wel ook ’n skenking aan ’n spesifieke organisasie of liggaam kan maak. Wanneer dit bevestig is moet die Rekenpligtige Beampte toesien dat aan subartikel (1) voldoen word. As dit verder sou blyk dat die organisasie of liggaam aan wie ’n toekenning gemaak gaan word omsien na behoeftiges of wat deur die regering gebruik word as ’n agentskap om na behoeftiges om te sien, geld die bepalings van subartikel (1) nie, tensy die toekenning ’n voorgeskrewe perk oorskry.

25. Dit is belangrik om daarop te let dat ’n toekenning deur die munisipaliteit op ’n ander wyse as ooreenkomstig die bepalings van die Munisipale Finansiële Bestuurswet[16] neerkom op ongemagtigde besteding. Daar is ook ’n sanksie gekoppel aan die aangaan van ongemagtigde besteding. Artikel 32 bepaal dat as ’n politieke ampsdraer van ’n munisipaliteit of die rekenpligtige beampte aanspreeklik is vir ongemagtigde besteding moet die Munisipaliteit so ’n ongemagtigde besteding verhaal van die persoon wat vir daardie besteding aanspreeklik is.

26. As die maak van ’n skenking sou neerkom op ’n besteding buite ’n munisipaliteit se bevoegdheid sal dit wel ook ’n onreëlmatige besteding[17] daarstel, in die lig daarvan dat die Stelselswet munisipaliteite se bevoegdheid in artikel 8 omskryf as -

---

16 Sien definisie

17 Aldus die woordbepaling beteken ‘onreëlmatige besteding’, met betrekking tot ’n munisipaliteit of munisipale entiteit, bestedings wat deur ’n munisipaliteit of munisipale entiteit aangegaan is in stryd met, of wat nie in ooreenstemming is nie met, ’n vereiste van die Wet op Munisipale Stelsels, en wat nie ingevolge daardie Wet gekondoneer is nie;

(1) ’n Munisipaliteit het al die funksies en bevoegdhede wat daaraan verleen of opgedra is ingevolge die Grondwet, en moet dit uitoefen behoudens Hoofstuk 5 van die Munisipale Strukture Wet.
(2) ’n Munisipaliteit het die reg om enigiets te doen wat redelikerwys nodig is vir, of bykomstig is tot, die effektiewe verrigting van sy funksies en die uitoefening van sy bevoegdhede.

VORM VAN SKENKINGS

27. ’n Skenking hoef nie net monetêr van aard te wees nie. Dit kan ook wees in die vorm van dienslewering teen ’n veminderde tarief of die tydelike beskikbaarstelling van toerusting of ’n implement. As ’n skenking egter ’n oordrag van fondse vereis moet aan die bepalings van artikel 67 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet voldoen word.

SAMEVATTING

28. Na my mening is die Grondwet se bepalings oor die magte van ’n munisipaliteit die grondslag van enige afleiding oor ’n munisipaliteit se bevoegdheid om skenkings te maak en die Ordonnansie is uitgediende wetgewing wat liefs vemy moet word. Wanneer op skenkings besluit word moet die bepalings van die Munisipale Finansiële Bestuurswet getrou nagevolg word.

BELEID

29. As riglyn om die munisipaliteit te lei in die maak van skenkings word die beleid in die bylae voorgehou vir oorweging.

JP CELLIERS
19 Januarie 2005

BYLAE

BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE MAAK VAN SKENKINGS

Aangesien die munisipaliteit ingevolge artikel 156 van die Grondwet beskik oor uitvoerende bevoegdheid ten opsigte van ’n verskeidenheid van vermelde plaaslike regeringsaangeleenthede;

Aangesien die munispaliteit ingevolge die Grondwet die reg het om enige bevoegdheid uit te oefen met betrekking tot ’n aangeleentheid wat redelikerwys nodig is vir, of verband hou met, die doeltreffende verrigting van sy funksies wat voortspruit uit gemelde plaaslike regeringsaangeleenthede; en

Aangesien, die Munisipale Finansiële Bestuurswet sekere prosedures voorskryf wat nagevolg moet word wanneer fondse (ander dan fondse ter voldoening aan ’n kommersiële of ander besigheidstransaksie) aan ’n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer oorgedra word

Derhalwe bepaal die raad van die munisipaliteit die onderstaande voorskrifte in verband met die maak van skenkings.

1. Definisies

‘monetêre skenking’ beteken ’n skenking aan ’n organisasie of liggaam wat die oorplasing van fondse na sodanige organisasie of liggaam behels;

’Munisipale Finansiële Bestuurswet’ beteken die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur Nr. 56 Van 2003

‘nie-monetêre skenking’ beteken ’n skenking aan ’n organisasie of liggaam in die vorm van dienslewering of gebruik van ’n fasiliteit teen ’n

verminderde tarief of tydelike beskikbaarstelling van toerusting of ’n implement

‘organisasie of liggaam’ beteken ’n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer aan wie ’n skenking oorweeg of gemaak word

‘skenking’ beteken ’n monetêre skenking sowel as ’n nie-monetêre skenking’

2. Beginsel

2.1 Die munisipaliteit erken en bevestig dat dit ’n verantwoordelikheid het om organisasies of liggame in die gemeenskap, wie se doelstellings en aktiwiteite versoenbaar is met daardie magte wat aan die munisipaliteit verleen is, sover moontlik by te staan deur die maak van skenkings.

2.2 Die munisipaliteit aanvaar ook dat dit nie moontlik is om aan alle kwalifiserende organisasies of liggame gereeld of genoegsame skenkings te maak nie en dat skenkings gemaak sal word op grond van meriete en die vermoëndheid van die organisasie of liggaam.

2.3 Voorsiening vir fondse vir monetêre skenkings sal jaarliks in die begroting gemaak word.

3. Voorsiening in begroting

3.1 Dit is die Uitvoerende Burgemeester se verantwoordelikheid om voorsiening in die begroting te maak vir monetêre skenkings. Die Uitvoerende Burgemeester word hierin gelei deur ’n aanwysing van die raad (tydens die opstel van die vorige jaar se begroting) oor die totale waarde van fondse vir die doel vir die betrokke finansiële jaar.

3.2 Wanneer die Uitvoerende Burgemeester die jaarlikse begroting ingevolge artikel 16 (2) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet ter tafel lê, moet hy of sy besonderhede verstrek van voorgenome

monetêre skenkings aan enige organisasie of liggaam in artikel 67 (1) van die wet beoog.

4. Prosedure vir aansoek om skenkings deur organisasies of liggame

4.1 Die Munisipale Bestuurder moet teen 1 November van iedere jaar ’n uitnodiging rig aan organisasies of liggame binne die munisipale gebied om aansoek te doen vir monetêre skenkings, sodat die Uitvoerende Burgemeeter dit kan oorweeg vir insluiting in die begroting wat teen nie later nie as 1 April van elke jaar in die raad ter tafel gelê moet word.

4.2 Die Munisipale Bestuurder bepaal welke inligting deur aansoekers verstrek moet word, waaronder bevestiging dat voldoen kan word aan die kriteria gemeld in artikel 67(1)(a) en (b) van die Munisipale Finansiële Bestuurswet[1] en moet in die uitnodiging aandui dat slegs organisasies wie se doelstellings en aktiwiteite versoenbaar is met daardie magte wat aan die munisipaliteit verleen is, oorweeg sal word

4.3 Die Munisipale Bestuurder beoordeel of aansoekers kwalifiseer en maak aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeester oor voorkeuraansoekers en die waarde van skenkings, waarna die Uitvoerende Burgemeester die aansoeke oorweeg en die omvang van elke monetêre skenking aan ’n organisasie of liggaam voorlopig bepaal.

---

[1] Dat die organisasie of liggaam—
(a) beskik oor die kapasiteit en ingestem het—
(i) om aan enige ooreenkoms met die munisipaliteit te voldoen;
(ii) om vir die termyn van die ooreenkoms te voldoen aan alle verslaggewings-, finansiële bestuurs- en ouditvereistes wat in die ooreenkoms gestipuleer mag word;
(iii) om ten minste maandeliks aan die rekenpligtige beampte verslag te doen oor werklike bestedings teen sodanige oordrag; en
(iv) om onverwyld sy geouditeerde finansiële state vir sy finansiële jaar aan die rekenpligtige beampte voor te lê;
(b) effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels implementeer om teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur te waak..

4.4 Nie-monetêre skenkings aan ’n organisasie of liggaam word op ’n *ad hoc* basis deur die Uitvoerende Burgemeester oorweeg, soos en wanneer daarom aansoek gedoen word.

5. Besluitneming oor skenkings

5.1 Die Uitvoerende Burgemeester oorweeg die aanbevelings van die Munisipale Bestuurder oor voorkeuraansoekers en die waarde van skenkings ooreenkomstig paragraaf 4.3 en maak ’n voorlopige bepaling oor die omvang van elke monetêre skenking aan geïdentifiseerde organisasies of liggame.

5.2 Nadat die begroting deur die raad goedgekeur is, beoordeel die Munisipale Bestuurder of die voorlopige bepaling van afsonderlike monetêre skenkings ingevolge paragraaf 5.1, binne die goedgekeurde begrotingsbedrag inpas en

5.1.1 indien wel, adviseer hy of sy die Uitvoerende Burgemeester dienooreenkomstig; of

5.1.2 indien nie, maak hy of sy voorstelle aan die Uitvoerende Burgemeester oor gewysigde toekennings aan die geïdentifiseerde aansoekers.

5.3 Die Uitvoerende Burgemeester bevestig sy of haar voorlopige bepaling of oorweeg die voorstelle van die Munisipale Bestuurder oor gewysigde toekennings aan die geïdentifiseerde aansoekers, na gelang die geval en maak ’n finale bepaling.

5.3 Die Uitvoerende Burgemeester oorweeg die voorstelle van die Munisipale Bestuurder oor nie-monetêre skenkings aan ’n organisasie of liggaam en bepaal die voorwaardes waaronder dit gemaak word.

6. Bekendmaking van besluit oor skenkings

6.1 Nadat die Uitvoerende Burgemeester die finale bepalings gemaak het, stel die Munisipale Bestuurder die suksesvolle sowel as onsuksesvolle aansoeker organisasies of liggame skriftelik in kennis van sodanige bepalings.

6.2 Die kennisgewing aan ’n suksesvolle aansoeker organisasie of liggaam moet ook vermeld dat die skenking onderhewig is aan voldoening deur die organisasie of liggaam aan die bepalings van artikel 67 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet.

7. Administrasie van skenkings

7.1 Die Munisipale Bestuurder is verantwoordelik om, waar ’n ooreenkoms ingevolge artikel 67 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet vereis word, sodanige ooreenkoms op te stel en met iedere suksesvolle organisasie of liggaam aan te gaan.

7.2 Die Munisipale Bestuurder is ingevolge artikel 67 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet verantwoordelik om toe te sien dat aan al die vereistes van hierdie artikel voldoen word en deur middel van kontraktuele en ander gepaste meganismes nakoming daarvan afdwing.

7.3 Die Munisipale Bestuurder moet kwartaalliks aan die Uitvoerende Burgemeester verslag doen oor die mate waarin elke organisasie of liggaam aan wie ’n skenking gemaak is,

7.2.1 voldoen aan verslaggewings-, finansiële bestuurs- en ouditvereistes wat in die ooreenkoms gestipuleer mag word

7.2.2 werklike bestedings teen sodanige skenking aangaan.

7.4 Indien die Uitvoerende Burgemeester ’n monetêre skenking aan ’n organisasie of liggaam goedgekeur het en sodanige organisasie of liggaam versuim om binne 30 dae na datum van kennisgewing van goedkeuring ’n ooreenkoms (gemeld in paragraaf 7.1) aan te gaan, verbeur sodanige organisasie of liggaam die skenking.

7.5 Wanneer ’n organisasie of liggaam ’n skenking ingevolge paragraaf 8.1 verbeur, lig die Munisipale Bestuurder die Uitvoerende Burgemeester dienooreenkomstig in en kan die Uitvoerende Burgemeester die skenking aan ’n ander kwalifiserende organisasie of liggaam toeken.

8. Spesifieke bepalings oor nie-monetêre skenkings

8.1 Die Munisipale Bestuurder gee uitvoering aan die besluite van die Uitvoerende Burgemeester oor nie-monetêre skenkings aan ’n organisasie of liggaam en dra die Uitvoerende Burgemeester se voorwaardes in verband daarmee, skriftelik oor aan die aansoeker aan wie se versoek voldoen is.

8.2 Die Munisipale Bestuurder mag bykomende voorwaardes stel om enige munisipale eiendom te beveilig of om die munisipaliteit te vrywaar teen enige aanspreeklikheid.

8.3 Die Munisipale Bestuurder doen kwartaalliks verslag aan die raad oor nie-monetêre skenkings gemaak aan ’n organisasie of liggaam.

8.4 Die Munisipale Bestuurder moet waar moontlik die waarde van ’n nie-monetêre skenking bereken en besonderhede daarvan invoeg in die verslag beoog by paragraaf 8.3

-o-